BOTHA FAMILIE TERUGVOER – SEPTEMBER 2024

Sedert ons vorige terugvoer in Februarie staan ons verstom oor al die dinge wat gebeur het in die konteks van ons familie, die skool en INSERV.

Sion, Anél en Stefan se seun is reeds 6 maande oud en Anél het reeds weer begin werk na sy geboorte. Willie het die voorreg om hom op te pas vir 2 oggende van die week, tot einde van die jaar. Ons is baie dankbaar saam met hulle vir sy ontwikkeling, groei en sommer net die seën van die Here op hulle. Dit is vir ons ’n voorreg om Oupa en Ouma te wees en geniet dit geweldig baie. Dit is definitief ’n nuwe fase vir ons op soveel vlakke as gesin. Ons is ook opgewonde oor die verskil en bydrae wat Anél en Stefan maak in hulle onderskeie werksplekke en die mense wat hulle daar aanraak op ’n daaglikse basis

Willie was betrokke by ’n Mannekamp wat deur Lewende Woord Centurion aangebied is en Stefan is die leier van die bediening in die gemeente. Ons gemeente, Neos, neem elke jaar deel aan die geleentheid en probeer so veel as moontlik mans saamneem. Willie het die voorreg gehad om een van die sessies hierdie jaar aan te bied asook om ’n klein groepie te lei in besprekings. Dit is elke jaar ’n voorreg om saam met Stefan en die span te bedien en deel te wees van die werk wat die Here in verskeie mans se lewens doen.

Simoné en Jaco geniet hulle werk en beide is besig om baie veranderinge en verbeteringe in hulle onderskeie werksplekke te implementeer. Ons is saam met hulle opgewonde om te sien hoe hulle invloed besig is om mense se werk konteks en mense se gesindhede positief te verander. Dit was ’n voorreg vir Willie om onlangs deur die fabriek van Houtlander saam met Jaco te loop en die inisiatiewe en effek op die mense

te kon beleef. Die waarde van kind van God wees in die werksplek en die inbou in mense se lewens op ’n holistiese vlak kan nooit onderskat word nie.

Elize se administratiewe werk by The Way Christian School is steeds baie veeleisend. Haar betrokkenheid by die ontwikkeling van die leiers in die skool is egter baie bevredigend maar het ook baie uitdagings omdat dit deel is van groei prosesse. Dit is kosbaar om te sien hoe die Here besig is om die kinders te vorm en te ontwikkel as leiers en hulle te sien groei in hulle Christen karakter en leierskap. Daar was die laaste paar maande heelwat kampe gehou waarby Elize betrokke is asook oplei geleenthede vir onderwysers.

Willie het ’n Module 1 Veritas kursus oor 2 naweke einde Mei en begin Junie aangebied en 6 mense het dit suksesvol klaargemaak. Die sertifikate is onlangs uitgedeel, ook van persone wat ons opgelei het tydens Covid, 2 jaar gelede. Ons hoop om binnekort by nog 2 gemeenskappe waar die gemeente betrokke is, die kursus te begin aanbied.

Navorsings opleiding is hierdie jaar aangebied vir “Interns” van Central Baptist waar ons kantore is, Missions Exposure and Training in Pretoria en einde Augustus vir ’n groep van 26 kerk planters in Addis Ababa in Ethiopia wat ’n kosbare ervaring was.

1 Augustus het ons ’n Member Care vergadering via zoom gefasiliteer waar begrotings en die begin van besighede bespreek is. Die doel was om sendelinge te help met die hantering van hulle finansies maar ook te dink hoe om hulle ondersteuning in die veld aan te vul deur die vestiging van besighede.

Ons help ook die Church Planting Alliance van Suid-Afrika om te dink oor inligting en hoe om die kerk plantings strategie in die land met navorsing en inligting beter te beplan.

Vanaf 23 tot 27 September woon Willie die Virtuele gedeelte van die 4 de Lausanne konferensie by en daar is baie lesse wat geleer word en uitdagings in die konteks van wêreld sending wat uitgelig word. Die uitdaging, net soos met die 2010 konferensie wat in Kaapstad aangebied is, bly hoe om hierdie lesse en strategieë op grondvlak realiteit te maak.

Dit so ’n paar aspekte waarmee ons besig is. Baie dankie vir julle voorbidding, getrouheid en voortgesette ondersteuning. Ons dank die Here vir Sy genade op ons lewens op alle vlakke en ook vir die gemeente se betrokkenheid en voorbidding oor soveel jare.

Ons bid saam vir die gemeente se uitreik die week in vertrou dat baie lewens onherroeplik verander omdat die Here, deur Vishoek, mense aangeraak het.

Willie en Elize Botha